higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT

# INLEIDENDE REKENINGKUNDE N4

(4010154)

**26 November 2019 (X-Vraestel)**
**09:00–12:00**

**Sakrekenaars mag gebruik word.**

**Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye en antwoordboek van 11 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INLEIDENDE REKENINGKUNDE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs BLOU of SWART ink.
5. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 1 (44 min)**

Die volgende proefbalans het op 30 Oktober 2017 in die boeke van OMEGA DESIGN verskyn.

**VERLANG:**

1.1 Voltooi die wins-en-verliesrekening en die handelsrekening in die algemene grootboek van OMEGA DESIGN vir die jaar geeindig 30 Oktober 2017.

1.2 Stel die balansstaat op vir die jaar geëindig 30 Oktober 2017 (toon slegs die Ekwiteit- en Lasteafdelings).

1.3 Toon die aantekeninge by die balansstaat.

**PROEFBALANS VAN OMEGA DISIGN OP 30 OKTOBER 2017**

| **BALANSSTAATAFDELING** | **DEBIET** | **KREDIET** |
|---|---|---|
| Kapitaal | | 520 000 |
| Onttrekkings | 79 600 | |
| Grond en geboue | 206 400 | |
| Toerusting | 437 000 | |
| Voertuie | 348 600 | |
| Handelsvoorraad (1 September 2016) | 69 000 | |
| Debiteurekontrole | 43 000 | |
| Bank | 67 100 | |
| Kleinkas | 1 100 | |
| Kos kontant | 900 | |
| Krediteurekontrole | | 63 600 |
| Lening: ABSA Bank (19,5%) | | 89 400 |
| **NOMINALEREKENINGE-AFDELING** | | |
| Verkope | | 998 500 |
| Aankope | 419 700 | |
| Vraggeld op Carriage on aankope | 6 300 | |
| Carriage op verkope | 9 000 | |
| Renteinkomste | | 50 900 |
| Salarisse | 96 750 | |
| Invoerbelasting | 6 250 | |
| Dividendinkomste | | 40 100 |
| Kommissie betaal | 7 339 | |
| Huuruitgawes | 2 661 | |
| Reklame | 4 720 | |
| Korting ontvang | | 44 000 |
| Herstelwerk | 1 080 | |
| | **1 806 500** | **1 806 500** |

**BYKOMENDE INLIGTING:**

Die handelsware is op R197 690 waardeer ná 'n fisiese voorraadopname op 30 Oktober 2017. **[47]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 2 (22 min)**

Gebruik die volgende inligting en voltooi die loonkoeverte vir die week geëindig op 28 Oktober 2017 van OMEGA DESIGN se werknemers, Sinai en Andy.

**LET WEL**: **ALLE berekenings moet tot die naaste rand afgerond word**.

**INLIGTING:**

- Die normale ure is 45 uur per week, wat uit 6 dae bestaan. Maandag tot Vrydag 8 uur per dag en Saterdag 5 ure.
  Sinai het Maandag 8,5 uur gewerk, Dinsdag 8 ure, Woensdag 8 ure, Donderdag 11 uur, en Vrydag 7,5 uur. Sy het met Omega gereël om die halfuur van Maandag te gebruik om die normale tyd van Vrydag te dek, en Saterdag het sy pa se begrafnis bygewoon. (R20 per uur vir normale tyd, en R30 per uur vir oortyd)
- Andy het Maandag 8 ure, Dinsdag 9 ure, Woensdag 10 ure, Donderdag 9 ure en Vrydag 8 ure gewerk. Hy het nie vir Omega, die eienaar, ingelig dat hy Saterdag aan 'n onwettige staking gaan deelneem nie. (R22 per uur vir normale tyd, en R33 per uur vir oortyd)
- Aftrekkings:

| Werknemers | Afhanklikes | Mediese Fonds | Pensioenfonds | LBS | WVF |
|---|---|---|---|---|---|
| Sinai<br><br>Andy | 2<br><br>3 | R100 vir die lid en R40 vir elke afhanklike | 7,5% van normale loon | 22,5% van bruto loon nadat pensioen in aanmerking geneem is | 1% van normale loon |

Afkortings:
LBS – Inkomstebelasting
WVF – Werkloosheidsversekeringsfonds **[24]**

**VRAAG 3 (74 min)**

Die volgende transaksies het gedurende Oktober 2017 in die boeke van OMEGA DESIGN voorgekom.

**VERLANG:**

1. Sleutel die transaksies in die kontantontvangste-, kontantbetalings- en kleinkasjoernale in. Sluit slegs die kleinkasjoernaal aan die einde van die maand af.

2. Stel die kleinkasrekening in die algemene grootboek van OMEGA DESIGN op en balanseer dit.

Kopiereg voorbehou 

**BYKOMENDE INLIGTING:**

- Op 1 Oktober 2017 het die eienaar, Omega, 'n kleinkas-kassier aangestel om hulle kleinkasbetalings te hanteer. Daar is besluit om volgens die voorskotstelsel te wek.
- Geld is op 3, 5, 11, 19, 24 en 30 Oktober 2017 gedeponeer.

**TRANSAKSIES**:

OKTOBER 2017:

1. Die kleinkas-kassier ontvang 'n tjek no. 501 as 'n voorskot, R3 970.
3. Kontantverkopevolgens die totaal van die kasregisterrol R80 600.
4. Koop krammetjies en 'n skêr by die CNA, R160. Kleinkasbewys 001 word uitgereik.
5. Ontvang van Windy Design R4 000 vir kommissie op verkope van baadjies. Kwitansie 401 word uitgereik.
6. Koop ’n leerlangbroek by Cashion's Design en betaal R35 000 per tjek 502.
7. Onttrek R2 750 per tjek no. 503 om loon vir 'n casual tuinier te betaal.
8. Kontantverkope volgens die totaal van die kasregisterrol R82 700.
9. Stuur 'n tjek no. 504 aan Material Matt as gedeeltelike betaling van ons rekening, R76 900.
10. Koop drukkerkasset vir R430. Kleinkasbewys 002 word uitgereik.
11. Die eienaar, Omega gee 'n tjek of 460 000 om sy kapitaal te verhoog. Kwitansie 402.
12. Kontantverkope volgens die totaal vanf die kasregisterrol R92 650.
13. Trek 'n kontanttjek no. 505 om die eienaar se buskaartjie te koop, R1 000.
14. Koop koerante vir ontvangs, R65. Kleinkasbewys 003 word uitgereik.
15. Die kleinkas-kassier ontvang tjek no 506 vanaf hoofkassier, R1 030.
16. Reik 'n tjek no. 507 uit aan Fabric World vir materiaal, rits, chiffon, katoengare, naaldwerkstel en knope, R56 000.
18. Kontantverkope volgens die totaal van die kasregisterrol, R52 600.
19. Ontvang 'n tjek of R38 900 by Seraphina Design, iter vereffening van haar rekening. Kwitansie 403 word uitgereik.
20. Koop 'n omkapmasjien en 'n naaimasjien R180 000 by Sonja Electrical Bpk, met tjek no. 508.
21. Koop vir Omega (die eienaar) se kinders skooltasse, R1 235. Kleinkasbewys 004 word uitgereik.
22. Kontantverkope volgens die totaal van die kasregisterrol, R65 300.
23. Koop 'n elektriese skêr by Sewing Africa Bpk met tjek no. 509, R15 000.
24. Betaal Eskom, R20 200, per tjek no. 510.
24. Kontantverkope volgens die totaal van die kasregisterrol, R125 700.
25. Betaal Omegas (die eienaar) se voertuigpaaiement aan Jeep, per tjek no. 511, R4 775.
25. Koop voering, knope, belegsel en naalde vir R19 400 Oriental Plaza en betaal per tjek no. 512.
26. Ontvang R59 000 van Standard Bank vir vaste deposito. Kwitansie 404 word uitgereik.
27. Reik tjek no. 513 uit aan Fabric Bpk vir krale en skouerkussings, R2 000.
28. Koop katalogusse vir R900. Kleinkasbewys 005 word uitgereik.

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

29. Ontvang R1 900 van Bagman vir kortings op materiaal gekoop. Kwitansie 405 word uitgereik.
30. Betaal Mangaung-munisipaliteit per tjek no. 514, R28 700.
30. Kontantverkope volgens die totaal van die kasregisterrol, R68 100.
30. Trek tjek no.515 om die voorskotbedrag van die kleinkas te herstel. **[87]**

**VRAAG 4 (40 min)**

Gebruik die inligting wat uit die boeke van of OMEGA DESIGN verkry is om die volgende te voltooi:

4.1 Doen die aanvullende inskrywings in die kontantontvangstejoernaal en kontantbetalingsjoernaal van Omega Design op 30 Oktober 2017. Sluit slegs die bankkolomtotale in albei joernale op 30 Oktober 2017 af.

4.2 Berei die bankrekening voor in die algemene grootboek van Omega Design, behoorlik gebalanseer, op 30 Oktober 2017.

4.3 Berei die bankrekonsiliasiestaat van Omega Design op 30 Oktober 2017 voor.

**INLIGTING**

1. Totale van die kontantjoernale soos op 30 Oktober 2017.

| | |
|---|---|
| Kontantontvangstejoernaal | R15 685 |
| Kontantbetalingsjoernaal | R13 236 |

2. ’n Vergelyking van die bankstaat van die kontantontvangste- en die kontantbetalingsjoernaal op 30 Oktober 2017 het die volgende verskille getoon:

2.1 Die bankstaat van African Bank het 'n gunstige saldo van R8 169 gehad.
Die bankrekening het 'n gunstige saldo van R750 gehad.

2.2 Die volgende tjeks is nog nie vir betaling aangebied nie:

| | |
|---|---|
| No. 856 | R1 680 |
| No. 863 | R2 320 |
| No. 870 | R1 689 |

2.3 Tjek no. 857 ter waarde van R1 650, uitgereik aan 'n krediteur Formula Bpk op 17 Maart 2017 het verval. 'n Nuwe tjek sal gepos word.

2.4 'n Tjek uitgereik deur Oman Design,'n ander kliënt van die bank, ter waarde van R980, verskyn op die onderneming se bankstaat.

Kopiereg voorbehou 

2.5 Items wat op die bankstaat vir Oktober 2017 verskyn, maar nog nie in die kontantontvangste- en kontantbetalingsjoernale van dieselfde tydperk opgeteken is nie:

| | |
|---|---|
| Koste van 'n tjekboek | R115 |
| Kontanthanteringsfooie | R65 |
| Belastingheffings | R135 |
| Rente op oortrekking | R310 |
| 'n Deposito deur 'n huurder, Aloof | R2 800 |
| Rente op kredietsaldo | R730 |

2.6 'n Deposito van R2 000 is op 10 Oktober 2017 gemaak. By navraag het African Bank laat weet dat die bedrag verkeerdelik in die onderneming se bankrekening gedeponeer is.

2.7 Die bankstaat toon 'n debietorder van R350 ten gunste van Liberty ter betaling van die onderneming se maandelikse versekering.

2.8 Die bank het nog nie 'n deposito van R4 054, wat op 30 Oktober 2017 gemaak is, gekrediteer nie.

2.9 Die bankstaat toon 'n maandelikse stoporder van R650 ten gunste van One Life. Dit was om die eienaar se lewensdekking te betaal.

2.10 'n Hersiening van die bankstaat vir Oktober 2017 toon dat 'n deposito van R1 250 deur 'n ander kliënt van die bank gemaak is.

2.11 'n Tjek vir R1 500, wat gedurende Oktober 2017 aan Melon Fabrics uitgereik is as betaling vir kontantaankope, is in die kontantbetalingsjoernaal as R150 opgeteken. Hierdie fout moet reggestel word.

2.12 IQ het R270 direk in die onderneming se lopende rekening inbetaal ter vereffening van sy rekening.

2.13 'n Tjek van R1 410, wat van 'n debiteur, Vincent, ontvang is, word deur die bank teruggestuur, gemerk V/T. **[42]**

**TOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou